



WES-KAAPSE PROVINSIALE GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE (WKPGNK)

BELEID VIR DIE BENOEMING EN HERBENOEMING VAN GEOGRAFIESE VERSKYNSELS

1	INLEIDING	1
2	STIGTING VAN 'N PROVINSIALE GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE	2
3	BELEIDSDOELSTELLINGS	3
4	VOORGESTELDE BELEID	4
4.1	Onderliggende beginsels.....	4
4.2	Moontlike motivering vir voorstelling van 'n geografiese naamsverandering 4	
4.3	Riglyne vir hersiening van name	4
4.4	Geografiese name wat vermy moet word	5
4.5	Beleid vir die herbenoeming van "mensgemaakte" geografiese verskynsels 6	
4.6	Beleid vir die herbenoeming van natuurverskynsels.....	6
4.7	Herkenning van name nie voorheen goedgekeur.....	6
4.8	Prosedures wat deur provinsiale departemente gevolg moet word tydens benoeming van geboue en fasiliteite van die Wes-Kaapse Regering	9
5	PROSES VIR DIE GOEDKEURING VAN 'N GEOGRAFIESE NAAM	8
5.1	Prosedure waarvolgens benoeming en/of herbenoeming moet geskied	8

1. INLEIDING

Hierdie beleidsraamwerk is opgestel om die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee van 'n riglyn te voorsien vir sy benoeming en herbenoeming van geografiese verskynsels. Die Komitee aanvaar dat enige prosedures wat tydens die benoemingsproses gevolg is, uitgevoer moet word ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998) en die regulasies van hierdie Wet

wat betrekking het op die standaardisering van geografiese name. Die Komitee onderskryf ook die beleidsriglyne soos uiteengesit deur die Verenigde Nasies se Ekonomiese en Maatskaplike Raad se Groep Kundiges oor Geografiese Name se “Verenigde Nasies Resolusie op die Standaardisering van Geografiese Name” en die lei-raamwerk van Stad Kaapstad se “Beleid vir die Herbenoeming van Strate, asook Benoeming en Herbenoeming van Openbare Plekke, Natuurgebiede en Raadsgeboue, Geriewe en Artefakte”.

Die term ‘geografiese name’ verwys na die name van enige natuurverskynsels binne die gebiedsgrense van die Republiek van Suid-Afrika wat natuurlik is of deur menslike agentskap aangeneem is (Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998). Volgens hierdie beleidsdokument sluit die term “**geografiese name**” die name van die volgende in:

- Stede, voorstede, menslike nedersettings, poskantore, treinstasies, snelweë, regeringsdamme, lughawens en hawens.
- Natuurlike landvorms soos berge, heuwels, riviere, strome, baaie, landpunte, punte, eilande, passe, poorte, nekke en nasionale parke.

Die riglyne wat in hierdie beleid uiteengesit word is bedoel vir gebruik deur die burgerlike samelewing en amptelike benoemingsowerhede in voorstelle:

- Om 'n bestaande amptelike geografiese naam te wysig;
- Om 'n bestaande amptelike geografiese naam te verander;
- Om 'n geografiese verskynsel wat nie 'n amptelike naam het te benoem; en
- Om amptelike herkenning te gee aan geografiese name wat nog nie deur die nasionale Minister verantwoordelik vir kuns en kultuur goedgekeur is nie.

2. STIGTING VAN 'N PROVINSIALE GEOGRAFIESE NAMEKOMITEE

Die Wet bepaal die volgende:

- 2.1 'n Komitee gestig moet word om die raadgewende funksie van die indien van voorstelle oor benoeming en herbenoeming van geografiese entiteite te fasiliteer.
- 2.2 Die Direkteur-Generaal van die provinsie moet die media en kennisgewing in the *Provinsiale Staatskoerant* gebruik om tydens 'n periode van 30 werksdae die publiek uit te nooi om geskikte kandidate te benoem.
- 2.3 Benoemings moet die instemming van die benoemde insluit, asook die volledige besonderhede van die benoemde, insluitend kontakbesonderhede, tersaaklike ervaring en kwalifikasies en 'n volledige motivering deur die voorsteller/s.
- 2.4 Benoemdes moet ervare/akademies gekwalifiseerd wees in twee of meer van die volgende studierigtings: linguistiek, kultuurgeskiedenis, geskiedenis, landmeting en kartering, naamkunde, pleknaamkunde, kartografie/geografie en godsdiens.
- 2.5 Die Paneel moet uit nie minder as 10 en nie meer as 15 lede bestaan.

- 2.6 Die Paneel moet soveel keer as wat nodig is vergader, maar ten minste drie keer per jaar. Die voorsitter mag 'n spesiale vergadering belê of 'n vergadering uitstel of afstel volgens die behoefte aan 'n vergadering.
- 2.7 Lede word vir 'n tydperk van drie jaar aangestel en kan her aangestel word vir 'n addisionele drie jaar.
- 2.8 Komitee lede moet uit die fondse van die Komitee betaal word ten opsigte van hul funksies as 'n lid. Sulke toelae word bepaal deur provinsiale beleid.

3. BELEIDSDOELSTELLINGS

Die belangrikste doelstelling van hierdie beleid is om 'n raadgewende funksie aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee toe te ken in die benoemingsproses en riglyne en kriteria te verskaf vir die oorweging van aansoeke om name te gee aan geografiese verskynsels; bestaande geografiese name te wysig of te verander; en geografiese name wat nog nie deur die nasionale Minister verantwoordelik vir Kuns en Kultuur goedgekeur is te verifieer.

Geografiese verskynsels en plekke word benoem omdat daar 'n inherente behoefte is om die landskap te identifiseer en daarby aansluiting te vind. Die name van geografiese verskynsels dien as fundamentele elemente van georuimtelike data. Plekname lewer ook 'n belangrike bydrae tot, en is 'n bron van, historiese-, linguïstieke- en kultuurerfenis in Suid-Afrika. Die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee beoog om hierdie behoefte om aansluiting by die landskap, hierdie funksionele doelstelling en hierdie erfenisfunksie te vind, te bevredig in sy beraadslagings en aanbevelings.

Die beleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee word voorgestel as 'n hulpmiddel vir die bewaring van plek- en verskynselname in die Wes-Kaap, asook die benoeming en herbenoeming van plekke en verskynsels in gepaste omstandighede.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee sal die huidige wetlike en institusionele raamwerk in ag neem tydens sy beraadslagings en aanbevelings.

- 3.5 Die beleid poog om geografiese name in die Wes-Kaap te standaardiseer om sodoende:
 - 3.5.1 Die ondubbelsinnige identifisering en ligging van geografiese verskynsels en plekke in die Wes-Kaap provinsie as deel van 'n verwysingstelsel vir infrastruktuur, dienste en openbare administrasie te verseker;
 - 3.5.2 'n Koöperatiewe rekord van plekname in die provinsie wat kenmerkende nedersettingspatrone bewaar, te sertifiseer en hulle toeganklik te maak vir die publiek;
 - 3.5.3 Geografiese verskynsels en plekname en hul variante/wysigings met verloop van tyd noukeurig te vergelyk om die bewaring van kultuur en erfenis te fasiliteer;
 - 3.5.4 Plekname goed te keur vir amptelike doeleindes; en
 - 3.5.5 Voorskrifte oor gereguleerde gebruik, spelling en geskrewe vorm uit te reik.

VOORGESTELDE BELEID

4.1 Onderliggende beginsels

- 4.1.1 Die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee sal hul werksaamhede binne die huidige wetlike en institusionele raamwerk, naamlik die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998, en die regulasies van hierdie Wet in verband met die standaardisering van geografiese name, bedryf.
- 4.1.2 Wysigings en veranderings aan bestaande geografiese name moet slegs gemaak word indien dit nodig is.
- 4.1.3 Elke individuele geografiese verskynsel of entiteit moet een amptelike naam hê.
- 4.1.4 Besluite oor herbenoemings moet die implikasies wat betref identiteit, transformasie, administrasie en koste deeglik in ag neem.

4.2 Moontlike motivering vir voorstelling van 'n geografiese naamsverandering

- 4.2.1 Gee amptelike herkenning aan 'n bestaande geografiese naam wat nooit amptelik herken is nie.
- 4.2.2 Wysig 'n amptelike geografiese naam wat verkeerd gespel is.
- 4.2.3 Wysig 'n amptelike geografiese naam wat 'n verwronge vorm is van 'n naam in 'n taal wat nie Engels is nie.
- 4.2.4 Wysig 'n amptelike geografiese naam wat nie voldoen aan die huidige ortografie van die taal waarin dit geskryf is nie.
- 4.2.5 Verander 'n amptelike geografiese naam van 'n dialek-vorm na die standaardvorm van 'n taal.
- 4.2.6 Wysig of verander 'n amptelike naam waarvan die vorm nie ooreenstem met die reëls wat deur die Suid-Afrikaanse Geografiese Namekomitee vasgestel is nie.
- 4.2.7 Wysig of verander 'n amptelike naam wat histories foutief is.
- 4.2.8 Verander 'n onaanvaarbare amptelike pleknaam na 'n meer aanvaarbare pleknaam.

4.3 Riglyne vir hersiening van name

- 4.3.1 Wanneer die herinstelling van 'n oorspronklike naam oorweeg word, moet name met historiese en plaaslike betekenis voorkeur verkry.
- 4.3.2 As 'n reël moet die gebruik van name van lewende mense liefsvry word, behalwe in buitengewone gevalle. Die vernoeming van geografiese entiteite na mense moet slegs oorweeg word indien die persoon die nodige aansien in die gemeenskap geniet.

- 4.3.3 Die volgende riglyne moet in ag geneem word wanneer 'n verskynsel vernoem word na 'n persoon, plek, gebeurtenis of eienskappe wat verband hou met die omgewing:
- 4.3.3.1 Om gebeurtenisse en/of persone van kulturele, plaaslike of historiese belang in die Wes-Kaap te herdenk.
 - 4.3.3.2 Om uitstaande individue te vereer wat 'n positiewe bydrae gelewer het tot die politieke en sosio-kulturele identiteit van die gebied.
 - 4.3.3.3 Om die identiteit en gees van die gemeenskap te versterk en kulturele diversiteit in die Wes-Kaap te bevorder.
 - 4.3.3.4 Om voorgestelde name met plante en diere en natuureienskappe wat inheems aan die Wes-Kaap is te assosieer.
 - 4.3.3.5 Om die identiteit van 'n gebied en die behoefte van die mens om aansluiting te vind by 'n landskap te bevorder.
 - 4.3.3.6 Die naam moet gepas wees en pas by die soort verskynsel – hetsy mensgemaak of natuurlik.

4.4 Geografiese name wat vermy moet word

- 4.4.1 Name wat goedgekeur is vir ander verskynsels/plekke in Suid-Afrika moet vermy word. Daar moet verkieslik nie duplisering van name van mensgemaakte- of natuurverskynsels binne 'n 5 km radius van mekaar wees nie.
- 4.4.2 Name van verskynsels en plekke in ander lande en name van lande.
- 4.4.3 Name waarvan die spelling of uitspraak soortgelyk aan dié van bestaande name is en aanleiding mag gee tot verwarring.
- 4.4.4 Name wat diskriminerend is ten opsigte van ras, kleur, geloofsoortuiging, politieke affiliasie of ander maatskaplike faktore.
- 4.4.5 Name wat neerhalend, lasterlik, vernederend, onbetaamlik, aanstootlik of vulgêr is.
- 4.4.6 Name wat lomp saamgestel en te lank is om maklik verstaan te word in mondelinge gesprekke en in geskrewe vorm.
- 4.4.7 Name wat bestaan uit persoonlike name sonder 'n generiese element (bv. park).
- 4.4.8 Name wat moontlik beskou kan word as reklame vir 'n spesifieke kommersiële diens, maatskappy of produk.

4.5 Beleid vir die herbenoeming van “mensgemaakte” geografiese verskynsels

[Die term “mensgemaakte nedersettings” sluit in, maar is nie beperk tot, dorpe, voorstede, enige vorm van menslike nedersetting, poskantore, treinstasies, snelweë en regeringsdamme.]

- 4.5.1 Gewoonlik sal die herbenoeming van mensgemaakte geografiese verskynsels slegs oorweeg word indien daar baie goeie motivering is.
- 4.5.2 Aansoeke kan ingedien word vir die verandering van 'n bestaande geografiese naam indien die aansoeker van mening is dat die bestaande naam nie aan die beleide en beginsels van die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad voldoen nie.
- 4.5.3 Die herbenoeming van 'n bestaande verskynsel kan oorweeg word in gevalle waar die naam plaaslike waardes en/of geloofsoortuigings ondermyn.
- 4.5.4 Herbenoeming kan voorgestel word indien enige kultuurgroep die huidige naam as aanstootlik beskou.
- 4.5.5 Voordat 'n voorgestelde herbenoemingsproses in werking gestel kan word, moet 'n openbare kennisgewing uitgreik word en 'n openbare deelnameproses waarna verwys word in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) plaasvind. Die voorgestelde naamsverandering moet ook geadverteer word en belangstellende en geaffekteerde partye moet 90 dae gegun word om kommentaar te lewer.

4.6 Beleid vir die herbenoeming van natuurverskynsels

[Natuurverskynsels sluit berge, heuwels, riviere, strome, baaie, landpunte en punte, eilande, passe, poorte, nekke en natuurparke in]

- 4.6.1 Herbenoeming van natuurverskynsels moet oor die algemeen vermy word, tensy buitengewone omstandighede heers.
- 4.6.2 Herbenoeming moet oorweeg word indien die voorgestelde nuwe naam die plekoriëntering en identiteit van 'n spesifieke gebied sal verbeter.
- 4.6.3 Voordat 'n voorgestelde herbenoemingsproses in werking gestel kan word, moet 'n openbare kennisgewing uitgreik word en 'n openbare deelnameproses waarna verwys word in die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000, plaasvind. Die voorgestelde herbenoeming moet ook geadverteer word en belangstellende en geaffekteerde partye moet 90 dae gegun word om kommentaar te lewer. Dieselfde beleidsraamwerk soos uiteengesit in die riglyne vir benoeming en herbenoeming van mensgemaakte geografiese verskynsels is van toepassing op die herbenoeming van natuurverskynsels.

4.7 Herkenning van name nie voorheen goedgekeur

4.7.1 Name wat reeds goed gevestig is en algemeen gebruik word, moet by die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad ingedien word vir goedkeuring. Name wat deur 'n

parastatale liggaam of die regering van 'n onafhanklike staat of selfregerende gebied wat nou deel is van Suid-Afrika goedgekeur is, mag ook ingedien word vir herkenning.

4.7.2 Name wat verkeerd gespel is, mag reggestel word sonder om die prosedure vir herbenoeming wat in hierdie beleid beskryf word te volg.

4.8 Prosedures wat deur provinsiale departemente gevolg moet word tydens benoeming van geboue en fasiliteite van die Wes-Kaapse Regering

4.8.1 Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, Wet 19 van 2007

4.8.2 Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, Wet 6 van 1998

4.8.3 Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998

4.8.4 Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, Wet 7 van 2001

4.8.5 Die gemagtigde owerheid vir die goedkeuring van die benoeming of herbenoeming van geboue en fasiliteite van die Wes-Kaapse Regering is die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke.

4.8.6 Lynfunksie-departemente moet die Departement van Vervoer en Openbare Werke vroegtydig inlig omtrent sy voorneme om 'n proses te begin waartydens 'n gebou of fasiliteit 'n herbenoeming ondergaan of benoem word.

4.8.7 Lynfunksie-departemente moet die PAJA prosedures in verband met openbare konsultasie volg soos uiteengesit in Hoofstuk 2 van die Regulasies.

4.8.8 Sodra hierdie proses deur 'n lynfunksie-departement voltooi is, moet 'n voorlegging met die aanbeveling/s in verband met die voorgestelde herbenoeming of benoeming van 'n gebou of fasiliteit, asook alle bewyse van die openbare konsultasie-prosesse voorberei en aan die volgende mense en instansies gestuur word:

4.8.8.1 Departementshoof van die tersaaklike lynfunksie-departement (ondersteuning van die voorgestelde naamsverandering)

4.8.8.2 Provinsiale Minister van tersaaklike lynfunksie-departement (ondersteuning van die aanbeveling)

4.8.8.3 Regsdienste (om voldoening aan PAJA regulasies te sertifiseer)

4.8.8.4 Takhoof Openbare Werke van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (ondersteuning van die aanbeveling)

4.8.8.5 Departementshoof van Vervoer en Openbare Werke (ondersteuning van die aanbeveling)

4.8.8.6 Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke (goedkeuring van die voorgestelde naamsverandering)

5 PROSES VIR DIE GOEDKEURING VAN 'N GEOGRAFIESE NAAM

5.1 Prosedure waarvolgens benoeming en/of herbenoeming moet geskied

5.1.1 Enige persoon, gemeenskap, regeringsdepartement, provinsiale regering, plaaslike owerheid, die Suid-Afrikaanse Poskantoor, eiendomsontwikkelaars en enige ander organisasie kan 'n nuwe naam of die herbenoeming van 'n bestaande geografiese verskynsel voorstel soos bepaal deur die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998), en die Stad Kaapstad se Beleid vir die Herbenoeming van Strate, asook Benoeming en Herbenoeming van Openbare Plekke, Natuurgebiede en Raadsgeboue, Geriewe en Artefakte.

5.1.2 Voorstelle kan ingedien word vir die verandering van 'n bestaande geografiese naam indien die aansoeker van mening is dat dit nie aan die beleide en beginsels van die nasionale naamgewingsowerheid (die Suid-Afrikaanse Nasionale Geografiese Nameeraad) en die Beleidsriglyne van die provinsiale adviesliggaam (die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee) voldoen nie.

5.1.3 Voorstelle vir die benoeming van 'n *nuwe* of *bestaande* geografiese entiteit – mensgemaakte of natuurverskynsel – moet op dieselfde vorm voltooi en so aangedui word. Alle aansoeke moet vergesel word van 'n gedetailleerde motivering, stawende dokumentasie (waar moontlik) en bewys dat belanghebbendes, insluitend die gemeenskap en professionele lui, geraadpleeg is. Die Komitee moet vroegtydig ingelig word indien 'n aansoek nie op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen kan word nie vanweë ongeletterdheid of ander buitengewone omstandighede. Die paneel mag onder sulke omstandighede versoek dat 'n mondelinge voorlegging gedoen word volgens die reëls vir openbare verhore.

5.1.4 Naamborde moet voldoen aan die voorskrifte van die Pad Vind & Naamborde Handleiding van die Departement van Vervoer en Openbare Werke.

5.1.5 Alle stawende dokumentasie en die aansoekvorm sal regverdig oorweeg word en die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee behou die reg voor om sy eie aanbeveling te maak oor of die voorstel aanvaar of verwerp moet word.

5.1.6 Aansoeke sal oor die algemeen drie maal per jaar oorweeg word, afhangend van die aantal aansoeke ontvang en/of die soort aansoeke wat ontvang is, of meer gereeld indien die Voorsitter so sou besluit.

5.1.7 Aansoeke sal deur die provinsiale komitee ontvang en verwerk word (Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee).

5.1.8 Wanneer herbenoeming van 'n geografiese entiteit voorgestel word, moet belanghebbendes kennis ontvang in die vorm van 'n openbare advertensie en kennisgewings in ooreenstemming met die relevante bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000.

5.1.9 Die aansoek deur die Paneel ontvang, asook die aanbevelings wat gemaak is, sal aan die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameeraad gestuur word.

5.1.10 Aansoekers moet kennis neem van die feit dat die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee 'n adviesliggaam is wat gestig is om die provinsiale Minister verantwoordelik vir kuns en kultuur van raad te bedien oor die standaardisering, en waar nodig, die transformasie, van geografiese name in die

Wes-Kaap vir amptelike doeleindes. Die nasionale Minister sal die finale besluit neem oor enige voorgestelde benoeming- of herbenoemingsaansoek.

2012 - 08 – 08

Gewysig en geredigeer: 23 Oktober 2013

17 Oktober 2014

25 Februarie 2015